Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning
Subdirektoraat: Skoolverryking

Verwysing: 20170330-9584
12/2/8/30/R
Navrae: Distrikskantoor

Inrigtingsbestuur-en-Beheerbeplanningminuut: 0001/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Skoolverrykingskoördineerders, en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: 2017 Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), in samewerking met al die provinsiale onderwysdepartemente, sal weereens die Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod (SASKE) in 2017 reël, bestuur en monitor.

2. Die 2017-kompetisie is herontwerp om meer omvattend te wees en maak voorsiening vir skoolkore in die volgende kategorieë:

Primêre skole
Jong kinders (Graad R tot 2)
Grondslagfase (Graad 3 tot 4)
Intermediêre Fase (Graad 5 tot 7)
Plaasskole

Hoërskole
Hoërskool *A*
Skole wat gedurende die afgelope vier jaar deurgaans goed, in die vyf goedgekeurde kategorieë, gevaar het. Dit wil sê, gemengde kore, Afrikaan, Afrikaans, Westers en manlike en vroulike kore).
Hoërskool B
Skole wat vir die eerste keer deelneem asook daardie skole wat aan die program deelgeneem het, maar nie nasionale vlak bereik het nie.
Oop Kategorie
Vir beide bogenoemde kategorieë om te kies wat hulle die beste geval.

Verwys asseblief na die "2017 Participation Rules" vir die voorgeskrewe musiek en kriteria vir deelname. Die prinsipaal en dirigent MOET hierdie reëls lees en hulself daarmee vertroud te maak. Skole wat hierdie reëls verontagsaam, sal onmiddellik gediskwalifiseer word en nie toegelaat word om vir die volgende vyf jaar nie aan die SASKE deel te neem nie. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal alle distriks- en provinsiale geleenthede streng monitor om te verseker dat skole aan die reëls om aan hierdie kompetisie deel te neem, voldoen.

3. Grondslagfase-kore sal slegs aan die distrik se eisteddfod deelneem. Hulle sal nie aan die provinsiale en nasionale afdelings van die kompetisie deelneem nie.

4. Musiekstukke is vir alle afdelings voorgeskryf. Die reëls om deel te neem asook die 2017-bladmusiek kan van die DBO se webtuiste afgelaai word by: http://www.thutong.doe.gov.za/Default.aspx?alias=www.thutong.doe.gov.za/schoolenrichment. Kontak asseblief u distrikskantoor indien u hulp benodig met die musiek of die reëls om deel te neem.

5. Om vir die kompetisie in te skryf, moet skole die aangehegte registrasievorm voltooi en dit aan die betrokke skoolverrykingsamptenaar by hul distrikskantoor stuur.

6. Dirigente en prinsipale van skole wat registreer, sal genooi word om distrikswerksessies by te woon om hulself met die voorgeskrewe musiek en reëls vir deelname vertroud te maak.

7. Distriks- en provinsiale uitdunningsrondes sal onderskeidelik tussen April en Mei 2017 plaasvind.

8. Skole sal slegs toegelaat word om na die volgende been van die kompetisie te vorder as die beoordeelaars hul vertoning 'n punt van 60% (vlak 3) of meer toeken.

9. Deelname op provinsiale en nasionale vlak is slegs op uitnodiging.

10. Prinsipale en skoolbestuurspanne moet verseker dat kooroefeninge nie met die skool se akademiese program en kontaktyd inmeng nie. Dit is baie belangrik dat dirigente nie leerders versoek om kooroefening tydens onderrigtyd by te woon nie.

11. Skole wat aan alle SASKE-geleenthede deelneem, moet self reëlings vir reis- en verblyf tref. Die WKOD sal reis en verblyf soos volg subsidieer:
    - Skole wat meer as 200 km (retoer) reis, sal tot 'n maksimum van R3 000 per skool vir distriks- en provinsiale rondes ontvang.
    - Skole wat meer as 700 km (retoer) reis, sal tot 'n maksimum van R5 000 per skool vir distriks- en provinsiale rondes ontvang.

- Skole wat genooi word om aan die nasionale byeenkoms deel te neem, sal tot 'n maksimum bedrag van R40 000 (veertig duisend rand) vir vervoer gesubsidieer word, afhangende van die grootte van die koor.
- Verblyf vir bywoning aan die provinsiale rondes sal teen R100 per leerder per nag gesubsidieer word.
- Verblyf vir deelname aan die nasionale byeenkoms, sal tot 'n bedrag van R150 per persoon per nag gesubsidieer word.

Hierdie subsidies sal betaal word sodra 'n memorandum van verstandhouding met die distrik onderteken is. Die voorafgaande dokument moet ten minste drie weke voor die byeenkoms by Hoofkantoor ingedien word.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle leerders, dirigente, opvoeders en ouers.

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN KOÖRDINERING
DATUM: 2017-04-13

Distriksamptenare se kontakbesonderhede

Onderwysdistrik	Kontakbesonderhede
Metro-Sentraal	Me S Majiet Tel.: 021 514 6700 Faks: 021 514 6953 E-pos: Smajiet@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Me MJ Swartz Tel.: 021 900 7253 Faks: 021 903 2149 E-pos: Mjswartz@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr D Leonard Tel.: 021 938 3170 Faks: 021 938 3180 E-pos: Dleonard@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Mnr R Esau Tel.: 021 370 2000 Faks: 021 372 1856 E-pos: Resau@westrncape.gov.za
Weskus	Me C Beukes Tel.: 021 860 1210 Faks: 021 860 1231 E-pos: Cbeukes@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr F Josias Tel.: 023 348 4602 Faks: 023 342 4138 E-pos: Fred.Josias@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr K Mike Tel.: 028 214 7300 Faks: 028 214 7400 E-pos: Kobus.Mike@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Me S Stofile Tel.: 044 803 8300 Faks: 044 873 2253 E-pos: Sino.Stofile@westerncape.gov.za